

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 6

> *Dit is die ark waaroor die Naam: “die Here die Almagtige wat oor die gerubs troon”, uitgeroep is. (vers 2)*

Daar het ’n hele paar goed verkeerd geloop toe Dawid die verbondsark gaan haal het. Die eerste ding is dat Dawid die

ark as ’n soort trofee hanteer het en dit as ’n militêre triomftog beplan het. Asof hy wat Dawid is, die ark verower het. Daarom dra priesters nie die ark volgens God se voorskrifte met draaghoute na Jerusalem nie, maar laai hulle dit op ’n wa (Num. 4:5,6). En toe die osse struikel, keer Ussa met sy kaal hande.

Iewers het die bewussyn van die heiligheid van God weggeraak; het die verbondsark maar net ’n voorwerp geword. Daaraan herinner die skrywer ons sommer in die tweede vers: dis nie sommer net ’n houtkis wat hulle gaan haal nie.

Ons sukkel vandag nog met dieselfde probleem. Ons raak gewoond aan God se teenwoordigheid, en dan word ons nie meer oorweldig deur sy heiligheid nie. Dan kan ons begin dink dat ons God ’n guns bewys as ons vir Hom iets doen.

Dit sal ons goed doen om elke oggend stil te word, beskroomd voor God te verskyn, sodat sy heilige teenwoordigheid ons kan oorweldig.

- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 5

> *Dawid het toe besef dat die Here hom as koning oor Israel bevestig het en dat die Here Dawid se koningskap in hoë aansien gebring het ter wille van die volk Israel. (vers 12)*

Dit is interessant hoe die klem in hierdie hoofstuk, wat vertel van Dawid se prestasies, nie soseer op Dawid val nie, maar op die Here. Dawid sien die Here se hand in sy koningskap en in sy betrekkinge met koning Hiram van Tirus. Hy veg ook in afhanklikheid en onder aanvoering van die Here teen die Filistyne (vers 19 en 23).
Dis maklik om in die versoeking te val om groot prestasies of erkenning wat na jou kant toe kom, vir jou eie rekening te vat (vgl die gelykenis van die ryk dwaas in Luk 12:13-21). Koning Hiskia het ook in dié slaggat getrap (Jes 39:1-8). Dawid gee deurgaans die eer aan die Here (vers 12 en 20).
Spoggerigheid pas nie by ’n gelowige nie. Selfs ons getuienis moet met beskeidenheid gegee word (1 Pet 3:16). En waar Paulus oor ons lewenswandel voor God praat, skryf hy: “Wees altyd beskeie …” (Ef 4:2). Die Spreuke-digter herinner ons dat die Here goed is vir dié wat beskeie is (Spr 3:34). Dis ook hoe Jesus Homself beskryf (Matt 11:29).



Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 4

> *“… vandag het die Here vir die koning wraak geneem oor Saul en sy nasate.” (vers 8b)*

Rekab en Baäna was harde manne, bendeleiers wat van moord en

roof geleef het. Hulle het vir Is-Boset strooptogte uitgevoer; vandaar die koring wat hulle by hom afgelewer het. Is-Boset was beslis nie hulle eerste slagoffer nie. Sy dood was vir hulle nie juis iets om oor wakker te lê nie.
Soos die Amalekiet in hoofstuk 1 misgis hulle hulle egter deeglik met Dawid. Al was die huis van Saul nie vir hom goed nie, het hy deernis met Saul se mense gehad en keur hy nie Is-Boset se moord goed nie. Trouens, hy sê Is-Boset was 'n onskuldige man (vers 11).
Die ergste is dat hulle voorgee dat Is-Boset se dood eintlik God se wil is (vers 8). Deur die geskiedenis het mense telkens afskuwelike dade gedoen onder die dekmantel van godsdiens. Vandag nog verontskuldig mense hulleself met die verduideliking dat wat hulle gedoen het, die Here se wil was. Dit is godslasterlik.
Soos Dawid in vers 11 bely, die Here is ons bevryder. Hy is die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is, bely ons in die NGB artikel 1. Soos Jak 1:13-14 sê. Hy sit nie agter ons verkeerde dade nie.

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 3

> *Dawid het geantwoord: "Goed, ek sal 'n ooreenkoms met jou sluit. Ek verwag net een ding van jou, en dit is dat jy nie met my moet kom onderhandel sonder om Saul se dogter Mikal saam te bring nie." (vers 13)*

In die politieke magspel waarvan ons in hierdie hoofstuk lees, word vroue gereduseer tot besittings. Dawid se harem groei fluks aan deur politieke huwelike met bondgenote. In Salomo se tyd sou dit totaal handuit ruk.
Ons lees van twee vroue by die naam: Rispa, 'n byvrou van Saul, wat deur Abner gevat word om só 'n aanspraak op die troon te maak. En dan Mikal, Dawid se eerste vrou wat later deur Saul aan 'n ander man gegee is.
'n Mens kry die indruk dat niemand omgee hoe die vroue oor die situasie voel nie. Die enigste reaksie waarvan ons lees, is dié van Palti, Mikal se tweede man (vers 16).
Jesus het dié manier van dink uitgedaag deur die besondere plek wat Hy aan vroue gegee het. Die manier waarop Hy vroue respekteer het (o.a. die sg. owerspelige vrou in Joh 8:3-11,

en die vrou wat aan bloedvloeiing gely het in Mark 5:25-34) skreeu teen dit wat in 2 Sam 3 gebeur.
Mag ons sy voorbeeld uitleef!



Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 2

Net die Judastam het vir Dawid ondersteun. (vers 10)

Jare voor hierdie gebeure het die profeet Samuel al vir Dawid tot koning gesalf (1 Sam 16:13). Dit lyk nou of Dawid uiteindelik koning sal word. Die oorlog met die Filistyne het die koningshuis van Saul van sy leiers gestroop. Dawid, Saul se skoonseun en voormalige veggeneraal, was die logiese troonopvolger. Tog tree Dawid nie selfvoldaan op nie. Hy neem sy besluite in biddende afhanklikheid van die Here (vers 1).
In Hebron bevestig die Judastam Dawid se koningskap deur hom as koning te salf (vers 4). Hy doen sy bes om die vervreemding wat tussen hom en Saul ontstaan het, te oorbrug (vers 5-6). Maar die familie van Saul onder leiding van Abner, Saul se oom en hoof van die leër, weier om Dawid terug te verwelkom. Hy dryf eerder die wig verder in en verklaar oorlog teen Dawid.
As jy doen wat God van jou verwag, beteken dit nie noodwendig alles sal vlot verloop nie. Daarvoor sorg die Bose met al sy lis. Dan moet jy geduldig en getrou jou roeping bly uitleef. Jy sal nie beoordeel word volgens die sukses wat jy behaal nie, maar volgens jou getrouheid aan jou opdrag.



Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 1

> *Dawid het toe vir die jongman wat hom die berig gebring het, gevra: “Van waar is jy nou weer?” Hy het geantwoord: “Ek is nie ’n landsburger nie. Ek is ’n Amalekiet.” (vers 13)*

Die storie wat die Amalekiet vir Dawid vertel, rym nie met die berig oor Saul se dood in 1 Sam 31 nie. ’n Amalekiet sou nie in die hitte van die stryd op die slagveld wees nie, en om aan die hand van ’n Amalekiet te sterf, sou vir Saul minstens net so erg wees as om deur ’n Filistyn gedood te word (lees 1 Sam 15!).
Nee, die Amalekiet was ’n lykrower wat munt wou slaan uit Saul se dood. Hy het waarskynlik gedink Dawid sou bly wees om te hoor Saul is dood, maar hy het hom lelik misgis. Vir Dawid het Saul die gesalfde van die Here gebly, en daarom onaantasbaar

(vers 14).
’n Mens kan jou nogal verwonder oor Dawid se reaksie. Saul was immers die man wat sy lewe vir baie jare hel gemaak het. Maar Dawid het die Here se gebod van liefde verstaan. Jy moet jou vyand ook liefhê, soos Jesus baie jare later duidelik uitgespel het (Matt 6:43-48).
Hierin kan ons Dawid se voorbeeld volg.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026